... is gevind by Timol

(Vervolg van bladsy 1)

„Dit was vir my duidelik uit die dokumente dat Timol en sy trawante besig was met 'n veldtog wat kon lei tot sabotasie en massamoord. Daar sou mense wees wat in hegtenis geneem moes word."

Twee dae later op 25 Oktober — 'n Maandag en ook die Dinsdag — het hy vir Timol ondervra. Die ondervraging het tot sewe- en agtuur saans geduur. Timol was stil van geaardheid, het die indruk geskep dat hy saamwerk, maar het nie die waarheid vertel nie.

„Die name en adresse van verskeie mense het op die dokumente verskyn wat by Timol gevind is.

Getuie wou weet wie die leiers was van die ander hoofselle en sub-eenhede van die Kommunisteparty in Suid-Afrika. „Timol het gemaak of hy niks weet nie.

„Hy het gesels oor name en feite wat ons reeds gehad het." Hy het verskeie leuens vertel. Hy het o.m. gesê dat die skryfster van die geheime briewe uit Londen, Stephanie Kemp is (sy was voorheen in Suid-Afrika in die tronk weens sabotasie).

ARRES

Die name van bekende lede van die Kommunisteparty is in die pamflette genoem. Daar was ook die name van Essop, Desai, nou in arres), Quinton Jacobsen — die man wat onlangs in 'n terroristeverhoor in Johannesburg onskuldig bevind is.

In een van die pamflette word bekend gemaak hoe die bewind in Suid-Afrika met geweld omver gewerp sal word. Dit word genoem dat die geweldplegers — „helde is wat al in Rhodesië, Algerië, Viëtnam en Kuba geveg het".

Kapt. Dirker het gesê dat instruksies by Timol gevind is oor hoe die geheime, onsigbare skrif ontsyfer moes word — o.m. met bloed en gedistilleerde water.

Twaalf kaarte onder die dokumente dui die gholflengtes en tye aan waarop uitsendings oor Radio Peking, Radio Tanzanië en Radio Moskou o.m. opgevang kan word.

Kapt. Dirker het Timol ook ondervra, maar was hoofsaaklik belas met reëlings om die woonplekke te deursoek van mense wie se name genoem is in dokumente wat by Timol gekry was.

„Die waarheid is dat die skryfster van die briewe Rika Hodgsons is." Haar man het om politieke redes uit Suid-Afrika gevlug. Die briewe was wel onderteken „Stephanie".

Kol Van Wyk het getuig dat hy Woensdagoggend 27 Oktober weer by die ondervraging „ingeloer" het, waar Van Niekerk en Gloy besig was. Hy het gesien dat Timol sit en skryf. Die middag omstreeks halfvier was hy weer daar en het toe verneem dat Timol dood is nadat hy uit die gebou gespring het.

Kaptein C. J. Dirker van die Veiligheidspolisie het getuig oor die pamflette wat by Timol en Essop gevind is. Essop, 'n ander gewese aangehoudene, was die nag saam met Timol in die motor waarin die pamflette was. Die eerste aand het hy gesien dat die geskrifte dié was van die ANC en verbanne Kommunisteparty wat 'n tyd gelede in Suid-Afrika versprei is.

Pamflette

Van die pamflette onder die titel: „Vorster and his gang" was in Engels en is met tydbomontploffings in Johannesburg versprei.

Adv. I. Maisels wat namens die Timol-familie optree, wou kaptein Dirker, wat in Afrikaans getuig het, op Engels in kruisverhoor neem. Die polisieman het versoek dat hy Afrikaans praat. Kaptein Dirker sal later weer getuig met behulp van 'n tolk.

Briewe van Timol

● Vervolg van bl. 1

In 'n brief gedateer 2 Desember 1970 uit Londen word Timol bedank vir 'n volledige verslag oor verskeie mense wat hy vroeër die jaar aanbeveel het. Hy word gevra hoeveel nou in die „hoofgroep" is.

Sy planne oor 'n „veilige metode" om onder Bantoes te werk, word aanvaar.

„In the case of Cornelius, we have to leave it to you to judge whether it is adviseable from a security point of view. If there are any doubts, do not go ahead."

Op 3 Maart 1971 word Timol dringend versoek om dokumente te stuur: pasboeke, belastingkwitansies en -vrystellings en ander reisdokumente wat veral vir Bantoes gebruik word.

Hy word ook versoek om enige ander dokumente te stuur wat „swartes" nodig het om mee te reis en te „oorleef."

buurt by Johannesburg, opgestel het.

Motortjie

Omstreeks 11.10 nm. het 'n klein geel motortjie aangekom. Hulle het die motor laat stilhou. In die motor was twee Indiërmans. Later is vasgestel dat hulle Timol en Essop is.

Sers. Klein: „Ek het vir hulle gevra waarheen hulle onderweg was en hulle het geantwoord dat hulle na 'n partytjie in Vrededorp gaan.

„Ek het vir hulle gevra of dit nie baie laat is om na 'n partytjie te gaan nie. Hulle het geantwoord dat dit nie vreemd is nie."

Sers. Kleyn het die twee versoek om hul motor se bagasiebak oop te maak. Albei het uit die motor geklim. Die bak is oopgemaak.

Skoendoos

Links in die bagasieruimte was 'n skoendoos. Onder die doos was 'n pak wat met koerantpapier toegedraai was.

Sers. Kleyn: „Ek het gevra wat in die pak is. Daar is aan my gesê dit is boeke.

„Ek het dit oopgemaak. Daar was nie boeke nie, maar pamflette van verbode organisasies."

Sers. Kleyn het die motor na Newlands se polisiestasie geneem. Essop en Timol was ook in die motor.

Hy het die Veiligheidspolisie ontbied. Die twee se identiteit is toe vasgestel.

Onderwyser

Timol het gesê hy is 'n onderwyser van Roodepoort en Essop het gesê hy is 'n mediese student.

Getuie is saam met die Veiligheidspolisie en die Indiërmans na John Vorsterplein. Daar is hulle ondervra.

Adv. I. A. Maisels, Q. C., (wat namens die Timol gesin verskyn): „Sersant, wat is alles aan Timol gevra?"

Sers. Kleyn: „Daar is so baie aan hom gevra dat ek nie meer kan onthou nie."

Adv. Maisels: „Kan jy nie een dingetjie onthou nie?"

Sers. Kleyn: „Ek kan onthou dat gevra is wie sy familie is."

In dié stadium het adv. S. A. Cilliers, wat namens die Polisie op tree, beswaar gemaak. Hy het gesê dat daar volgens die Wet op Terrorisme nie inligting oor 'n aangehoudene verkry mag word, behalwe op gesag van die minister of amptenare van die staat nie.

Adv. Maisels: „Die Eerste Minister het 'n ope ondersoek belowe en indien dit die houding van die Polisie is, is dit nie regtig 'n ope ondersoek nie."

Verdaag

Adv. Cilliers het toestemming gevra om oor dié pnnt met senior amptenare te beraadslaag. Die hof het toe verdaag. By die hervatting van die verhoor het adv. Cilliers sy beswaar laat vaar.

Adv. Maisels wou weer weet wat sers. Kleyn onthou.

Sersant Kleyn: „Ek het nie aandagtig geluister nie omdat ek nie by die ondervraging betrokke was nie".

Adjt.-off. Neville Els van die Veiligheidspolisie het getuig dat hy op 23 Oktober by Newlands beslag gelê het op die motor en pamflette.

Pas nadat daar gisteroggend met die ondersoek begin is, het die hof verdaag vir 'n onder-

aan verslaggewers gesê die gebou is die eiendom van die polisie en hy kan niks daaraan doen nie.

Die pers was teenwoordig toe die hof na die boompie gekyk het waarin Timol glo geval het.

Terug in die landdroshof het landdros De Villiers gesê dat hy nie kommentaar kan lewer oor die vertrek waaruit Timol geval het nie. As 'n volledige skets tot die hof se beskikking is, sal hy dit doen.

Dik takke van die boompie waarin Timol geval het, was af. Van die blare is nog van die takke gestroop.

Adv. Maisels wou dit op rekord stel dat gesprekke uit kamer 1024, waar Timol ondervra was, nie twee kantore verder gehoor kon word as die vensters oop is nie.

BY die aanvang van die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Timol het landdros J. J. L. de Villiers gister gewys op die Hooggeregshofgeding wat uit die vorige sitting van die ondersoek gespruit het.

Hy het daarop gewys dat daar al op 1 Desember met die nadoodse ondersoek begin is. By die aanvang van die ondersoek het die landdros gesê dat die dokumente nie tot die beskikking van die regsverteenwoordigers van die Timol-gesin gestel moet word nie.

Adv. I. A. Maisels, wat die Timol gesin se regsverteenwoordiger is, het hierteen beswaar gemaak, en die saak is na die Hooggeregshof in Pretoria verwys.

Op 28 Februarie het die Hooggeregshof toe bepaal dat al die partye wat by die Timol-saak betrokke is, wel insae in die dokumente moet hê.

Landdros de Villiers het gister gesê dat hy kennis geneem het van die besluit en hom daarby neerlê. Hy het samesprekinge met die betrokke regsverteenwoordigers en die Timol-gesin gehad.

Hulle het ook almal volle insae in die dokumente gehad en die ondersoek is nou 'n ope ondersoek.



Landdros J. J. L. de Villiers wat gisteroggend in die Johannesburgse landdroshof bekend gemaak het dat alle dokumente wat gebruik gaan word in die geregtelike ondersoek na die dood van Timol, aan die Timol familie en hulle regsverteenwoordiger beskikbaar gestel word.